

DIE ADVIESRAAD OOR LANDVERVOER (LTAB) EN KOMITEE OOR INTERMODALE BEPLANNING (IPC)

**BELANGHEBBENDES
BYEENGEBRING VIR
GEÏNTEGREERDE VERVOER**



**CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD**



INSTELLING VAN DIE LTAB EN IPC

Die Stad Kaapstad se adviesraad oor landvervoer (LTAB) en komitee oor intermodale beplanning (IPC) is in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Landvervoer, Wet 5 van 2009 ingestel.

Albei strukture bestaan uit vervoerverwante belanghebbendes wat plaaslike en streeksentiteite in die regering- en privaat sektor insluit en grotendeels na die beplanning, toesighouding, implementering en regulering van die beweging van mense en goedere in en om Kaapstad omsien. Elke komitee sluit kernlede asook ad hoc-lede in (wat op uitnodiging vergaderings bywoon) wat by vervoerverwante aktiwiteite in Kaapstad en sy funksionele gebied betrokke is.

Hulle is nie besluitnemingstrukture nie, maar doen sterk aanbevelings by die verskeie belanghebbende-liggame, en fasiliteer samewerkende regering ten opsigte van vervoer om sy rol in die instaatstelling van geïntegreerde vervoer te steun.

Hierdie gids is 'n samevatting van die doelwitte van die IPC-subkomitees wat meer breedvoerig in hul onderskeie opdragte uiteengesit word.



SUBKOMITEES

Tien subkomitees val onder die IPC, naamlik:



SUBKOMITEE OOR LANDVERVOER- WETSTOEPASSING

Die doel van die subkomitee oor landvervoerwetstoepassing is om alle wetstoepassingsagentskappe byeen te bring om veilige en doeltreffende vervoergebruik in Kaapstad te bevorder. Die subkomitee sal voortdurend met alle betrokke wetstoepassingsagentskappe en -owerhede op alle regeringsvlakke skakel om gekoördineerde vervoerwetstoepassing te verseker.

Verder sal die subkomitee ooreengekome teikens bepaal en stel om die diens en doeltreffendheid van vervoerwetstoepassing te meet, en ondersoek instel na bykomende tegnologie om wetstoepassing in die vervoerstelsel te steun. Die vlak waarop hulpbronne moet toeneem om 'n gewenste en billike diens te lewer, sal ook deur dié subkomitee bepaal word.



LOODSSUBKOMITEE OOR SPOORVERVOER

Die loodssubkomitee oor spoorvervoer sal toesig hou oor die integrasie van alle spoorvervoer by die openbarevervoerstelsel en sal ooreenkomste tussen belanghebbendes in spoorvervoer sluit. Dit sal ook konsepwetgewing en beleid ten opsigte van spoorvervoer oorweeg en insette oor beplanning van die spoorstelsel lewer.

Die subkomitee sal koppelvlak-ooreenkomste oor gesamentlike bedrywighede tussen die Stad Kaapstad en PRASA saamstel en bestuur, asook kwessies oor stelselintegrasie oorweeg wat met die spoor- en padnetwerk ten opsigte van openbarevervoerbedrywighede verband hou.

Dit sal toesig hou oor spoorveiligheids-inisiatiewe, insluitend CCTV en waakstelsels, niegemotoriseerde vervoer en spoorkruisings.



SUBKOMITEE OOR GEÏNTEGREERDE- VERVOERBEPLANNING

Die doel en funksie van die subkomitee oor geïntegreerdevervoerbeplanning (ITP), soos gelei deur die doelstellings van die IPC en nasionale wetgewing en regulasies, is om die koördinasie en integrasie van openbare vervoer en niegemotoriseerde vervoer (NMT) asook ander aspekte in verband met die omvattende geïntegreerdevervoerplan (CITP) van die munisipaliteit te fasiliteer.

Die subkomitee verskaf 'n platform vir koördinasie en integrasie ten opsigte van beplanning vir die Stad Kaapstad, Wes-Kaapse regering, nasionale regering en verteenwoordigers van spoorvervoer in staatsbesit om die doelwitte van die NLTA te bereik.

Die subkomitee sal koördinerende, belyning en integrering in die beplanning en beleidsontwikkeling wat deur die verskillende regeringsvlakke onderneem word, fasiliteer. Die werkgroep van die subkomitee sal verder in gesprek tree oor 'n wye verskeidenheid projekte, planne, strategieë, onderwerpe, ens. in verband met vervoerbeplanning.

Nóg die subkomitee nóg die werkgroep van die subkomitee is besluitnemende strukture, maar hulle kan ooreenkomste tussen organisasies fasiliteer en belangrike kwessies vir aanbeveling via die subkomitee na die IPC prioritiseer.

Die subkomitee sal toesig hou oor die integrering van spoordiensbeplanning by die algehele openbarevervoerbeplanning wat deur die munisipaliteit onderneem word. Verder sal die subkomitee insette vir verskeie planne, strategieë en beleide koördineer wat deur lidorganisasies van die subkomitee opgestel word.



SUBKOMITEE OOR MINIBUSTAXI'S

Die subkomitee oor minibustaxi's sal samewerking met die minibustaxibedryf bevorder en proaktief daaraan werk om aandag te gee aan uitdagings waarvoor die bedryf te staan kom.

Dit sal opsies ondersoek om die bestuur van openbarevervoerwisselaars en fasiliteite vir minibustaxi's te verbeter. Die subkomitee sal ook regulatoriese en ander hindernisse identifiseer wat vordering en sakesukses vir operateurs belemmer, insluitende onaktiewe lisensies, onwettige operateurs, lisensies wat nie hernu is nie, permitte wat nie omgeskakel is nie en permitte vir veelvuldige roetes.



Die subkomitee sal 'n nuwe ekonomiese model vir die minibustaxibedryf in die konteks van volhoubare, geïntegreerde en intermodale openbare vervoer ondersoek. Dit sal ook ondersoek instel na en leiding verskaf oor faktore wat tot onstabiliteit in die minibustaxi-bedryf bydra, naamlik onwettige bedrywigheide, minibustaxiverwante geweld, 'n inbreuk op roetes, oorbesetting en afdreiging.



SUBKOMITEE OOR GRONDGEBRUIK

Die subkomitee oor grondgebruik sal saam met grondgebruikbeplanning en boubeheer samewerkende beplanning vir vervoernetwerke en ontwikkelingsnodusse onderneem, insluitende spoorvervoer, bussnelvervoer (BRT), paaie en die beplanning van multimodale kruisings. Dit behels onder meer die ontwikkeling of opgradering van spoorvervoerkorridors, spoorweg- of BRT-stasies, openbarevervoerwisselaars en infrastruktuur vir niegemotoriseerde vervoer.

Die subkomitee sal samewerking oor gebiedsbeplanning vir bestaande en toekomstige nodusse met spoorweg- en BRT-stasies fasiliteer, insluitende steun vir grondgebruikbeplanning en ontwikkeling in die omtrek van stasiegebiede. Dit sal beplanning insluit om grond van eksterne partye vry te stel of te bekom om nodusse naby bestaande en toekomstige stasies te ontwikkel.





SUBKOMITEE OOR BELANGHEBBENDE- BESTUUR EN VOORSpraak

Die subkomitee oor belanghebbende bestuur en voorspraak sal koördinasie verseker tussen departemente, agentskappe en vervoerbelanghebbendes in die munisipale sfeer oor aangeleenthede wat vervoer en grondgebruikbeplanning raak. Dit sal die betrokke amptenare byeenbring om openbare vervoer te bevorder en om inligting aan gebruikers of potensiële gebruikers van openbare vervoer te verskaf.

Die subkomitee sal ook met belanghebbendes in gesprek tree om doelwitte te belyn, 'n gemeenskaplike doel te vind en volgehoue steun vir projekte en ingrypings te verseker sodat die beoogde uitkomst bereik word. Inisiatiewe oor veranderingsbestuur sal gesteun word, insluitende aangeleenthede wat 'n verandering in gedrag of ingesteldheid vereis. Dit sluit in operasionele aspekte van volhoubare mobiliteit, reisaanvraagbestuur, teenvandalisme, die gebruik van openbare vervoer en pendelaarveiligheid.



SUBKOMITEE OOR VRAGVERVOER

Die subkomitee oor vragvervoer sal die beplanning vir die beweging van goedere op grond in Kaapstad en die funksionele gebied koördineer.

Dit behels onder meer die koördinerings van die beplanning van hawe-, spoor- en lughaweverwante grond en verwante infrastruktuur vir die maklike beweging van goedere en dienste, asook die ondersteuning van inisiatiewe om bedryfsdoeltreffendheid te verbeter. Benaderings en metodes om van pad- na spoorgebaseerde vragvervoer te migreer, sal gedeel en gesteun word.



SUBKOMITEE OOR VERVOER-INFRASTRUKTUUR EN -INSTANDHOUDING

Die subkomitee oor vervoerinfrastruktuur en -instandhouding sal funksies ten opsigte van openbarevervoerinfrastruktuur, die konstruksie van nuwe paaie, openbare vervoer en openbarevervoerwisselaars, fasiliteite, munisipale paaie en verwante infrastruktuur onderneem, en sal maatreëls instel om skade aan die padstelsel te beperk en 'n fokus op die gepaste instandhouding van infrastruktuur te verseker.

Die subkomitee sal ook 'n benadering tot grondgebruik en die toepassing van ontwikkelingsbydraes saamstel, betrokke wees by padowerheidfunksies soos tydelike en permanente padsluitings, maatreëls instel om verkeersdruk te verlig, en die toewysing van paaie volgens hul funksionele werkverrigting fasiliteer.



SUBKOMITEE OOR BUSBEDRYWIGHEDE

Die subkomitee oor busbedrywighede sal openbarevervoerbeplanning en -bedrywighede koördineer, in die besonder tussen die geskeduleerde busvervoer en tussen busvervoer en die ander openbarevervoermiddele. Dit het ten doel om tydens die oorweging van voorgestelde en bestaande ontwikkeling na die behoeftes van die gebruikers om te sien om die doelwitte van die geïntegreerde openbarevervoernetwerk en die Wet op Nasionale Landvervoer te bereik.

Die subkomitee beoog om dit deur oplossings vir verhoogde doeltreffendheid en integrasie van die openbarevervoerstelsel te bereik. Daarbenewens sal die subkomitee die deel van busbedrywighede-inligting bevorder om geïntegreerde beplanning, bedrywighede en inligting aan passasiers te verbeter om die doelwitte van 'n geïntegreerde openbarevervoernetwerk tot voordeel van pendelaars, operateurs en die owerhede te bereik.



SUBKOMITEE OOR GEMETERDE TAXI'S

Die subkomitee oor gemeterde taxi's sal die deel van kritieke inligting – wat nodig is om die uitruil van idees en gesonde, opbouende debatvoering aan te moedig – fasiliteer om die operateurs van gemeterde taxi's beter ingelig en op hoogte te hou van beduidende verwikkelinge in die gemeterdetaxi- en openbarevervoerbedryf.

Dit sal huidige benaderings tot die hantering van die gemeterdetaxibedryf ontleed met die oog op die identifisering van leemtes en die ontwikkeling van 'n gekonsolideerde en gekoördineerde benadering tussen die verskeie soorte dienste in die gemeterde-taxibedryf en die regering. Dit sluit die ontwikkeling van 'n konflikbestuursplan met 'n uiteensetting van protokolle en kommunikasiestrategieë in.

Die subkomitee sal proaktief met die gemeterdetaxibedryf saamwerk om 'n eweknie-moniteringsmeganisme met 'n toesighoudende rol te ontwikkel om die geïdentifiseerde uitdagings te hanteer.

Die subkomitee sal ook funksionele kwessies ontvang en verwerk en dit na die korrekte kanale vir optrede herlei, en terselfdertyd verseker dat kwessies wat veelvuldige partye raak, op 'n omvattende wyse aandag geniet.

STRUKTUUR VAN EN VERWANTSAP TUSSEN DIE LTAB EN IPC

ADVIESRAAD OOR LANDVERVOER (LTAB)

Voorsitter:

Burgemeesterskomiteelid vir stedelike mobiliteit

Ondervoorsitter:

Voorsitter van die portefeuljekomitee oor
stedelike mobiliteit

KOMITEE OOR INTERMODALE BEPLANNING (IPC)

Voorsitter:

Uitvoerende direkteur vir stedelike mobiliteit

Ondervoorsitter:

Direkteur vir gedeelde dienste en
besigheidsontwikkeling

1. Loodssubkomitee oor spoorvervoer	2. Subkomitee oor geïntegreerdevervoer-beplanning
3. Subkomitee oor land-vervoerwetstoepassing	4. Subkomitee oor minibustaxi's
5. Subkomitee oor gemeterde taxi's	6. Subkomitee oor grondgebruik
7. Subkomitee oor belanghebbende-bestuur en voorspraak	8. Subkomitee oor vragvervoer
9. Subkomitee oor vervoerinfrastruktuur en -instandhouding	10. Subkomitee oor busbedrywighe





CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Hierdie pamflet en ander nuttige gidse is
elektronies beskikbaar by
www.capetown.gov.za/urbanmobility

SOSIALE MEDIA

Volg ons:

 City of Cape Town

 @cityofct

 @UrbanMobility